# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 11 OKTOBER 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste (waarnemend) |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Mnr. SM Lesch | : | Hoof: Informasie Kommunikasie Tegnologie |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. W Terry Thomas | : | Menslike Hulpbrondienste Beampte: Voorsiening en Administrasie |
| Mev. CC Cloete | | Senior Tikster |

***

AKSIE

**BKN001/10/2018**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

Die Uitvoerende Burgemeester bied die geleentheid aan die Direkteur Korporatiewe Dienste om die vergadering in te lig rakende die teenwoordigheid van die kandidate vir die pos: Voldoeningsbeampte.

***

**BKN002/10/2018**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Rdl. MA Wessels – Kongres (Graaff-Reinet)
Direkteur Gemeenskapsdienste - siekverlof

***

**BKN003/10/2018**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/10/2018**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018</u>**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 25 September 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**BKN005/10/2018**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/10/2018**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Voorsitter doen die volgende mededelings:</u>

- Dat 'n leerling haarself beseer het by die "Outdoor Gym", en dat dit tydelik gesluit is tot by die amptelike opening daarvan einde Oktober 2018;

- Dat skole in Piketberg genader is om inligting en die doel van die “Outdoor Gym”, aan die leerders te kommunikeer;
- Dat wetstoepassingsbeamptes toesig sal hou vir ‘n tydperk by die “Outdoor Gym”;
- Dat ‘n sessie op die oggend van Donderdag 11 Oktober 2018 met die Premier en die Minister van Ekonomiese Sake en Landbou plaasgevind het, en word die Speaker bedank vir die leiding gedurende die sessie;
- Dat ‘n brief van dank en ‘n geskenk as waardering vanaf die Silver Threads, Piketberg ontvang is vir die wyse waarop hulle deur die Raad behandel is tydens die Golden Games.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN007/10/2018**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/10/2018**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/10/2018**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: INTERNATIONAL CENTRE FOR LOCAL DEMOCRACY (ICLD) STUDIETOER NA SWEDE, SEPTEMBER 2018</u>**
**9/1/2**
***(‘n Verslag soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in, waarna sy ‘n visuele voorlegging vertoon, oor die ICLD studietoer na Swede wat sy en die Bestuurder: Strategiese Dienste meegemaak het gedurende September 2018.

Bykomende insette word gelewer deur die Bestuurder: Strategiese Dienste tydens die visuele voorlegging.

Voorts bedank sy die Uitvoerende Burgemeester vir die voorreg om deel te mag wees van hierdie program.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN010/10/2018**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: E-POS BEDIENAAR**
**6/2/2/2**
***('n Verslag soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in, waarna hy die Hoof: Informasie Kommunikasie en Tegnologie die geleentheid bied om die Komitee deur die verslag te neem.

Die Munisipale Bestuurder lees die gewysigde aanbeveling voor aan die vergadering.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag soos voorgelê; en
2. Dat die Begrotingloodskomitee versoek word om oorweging te skenk om 'n bedrag van R680 000 beskikbaar te stel tydens die hersiene – en of 2019/20 begroting, ten einde volhoubaarheid van die totale rekenaarstelsel te verseker.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

***(Die Hoof: Informasie Kommunikasie en Tegnologie verlaat die vergadering na afloop van die item)***

**BKN011/10/2018**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: PELICAN BEACH RESORT: ERF 576 LAAIPLEK (L 576)**
**15/3/8; 17/7/4/1**
***('n Verslag soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat voortgegaan word met die korttermyn implementeringsplan soos in die verslag, naamlik:

| AKTIWITEIT | OMSKRYWING | KOSTES | KOSTE PER MAAND | VERANTWOORDELIKE PERSOON |
|---|---|---|---|---|
| Skoonmaak van terrein | • Twee (2) manlike tydelike werkers gaan vanaf 15 Oktober 2018 aangestel word om terrein skoon te maak en te onderhou. | R100 per dag (EPWP Tarief) | R4 000 | Eugenia Smith |
| Dagkampering (Opgradering) | • Opbou van braaiplekke + 5 nuwe braaiplekke<br>• Verskuiwing van speelpark<br>• Opgradering sal vanaf 01 November 2018 begin. | R5 000 | R50 000 | Dean Josephus / Leon Gouws |
| Verwydering van speel apparate | • Verwydering van beskadig-de speelapparate vanaf 15 Oktober 2018 | - | - | Eugenia Smith |
| Mobiele Toilette | • Huur 10 mobiele toilette vanaf 10 Desember 2018 tot 07 Januarie 2018 | R1 000 p/d per toilet | R290 000 | Eugenia Smith |

2. Dat die langtermyn beplanningsvoorstel (soos vervat in die verslag) oorstaan vir verdere bespreking deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op Dinsdag 30 Oktober 2018; en

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

3. Dat 'n aanbeveling na afhandeling van punt 2 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word op Dinsdag 30 Oktober 2018 vir oorweging deur die Raad.

***

**BKN012/10/2018**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: HANTERING VAN EKONOMIESE ONTWIKKELINGSFUNKSIE BINNE BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in, waarna sy die verslag aan die Komitee voorhou.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad 'n Artikel 79 Komitee skep wat genoem sal word die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee;

2. Dat die Raad vir Raadsdame Sandra Crafford aanstel as Voorsitter van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee vir Bergrivier Munisipaliteit;

3. Dat Raadsdame Crafford geen addisionele vergoeding ontvang vir die Voorsitterskap nie;

4. Dat die Komitee alle aspekte verwant aan Ekonomiese Ontwikkeling sal hanteer en aanbevelings daaroor sal maak aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;

5. Dat die Komitee maandeliks sal vergader op die Donderdag wat volg op die staandekomitee-vergaderings vanaf 08:30 tot 10:30 en dat die eerste vergadering sal plaasvind op Donderdag 08 November 2018;

6. Dat die Munisipale Bestuurder optree as Artikel 57 aanstelling verantwoordelik vir die funksie en dat die Bestuurder: Strategiese Dienste en Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur ondersteunend tot die Komitee optree en bywoon;

7. Dat die Komitee bestaan uit die Voorsitter en vier (4) ander raadslede (3 van die DA en 1 van die opposisie-party) en dat die name van die raadslede teen einde Oktober 2018 ingehandig word by die Direkteur Korporatiewe Dienste;

8. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste versoek word om 'n werksplan vir 2018/2019 voor te lê by die eerste vergadering van die Komitee; en

9. Dat die Bestuurder: Toerisme, Me. Yvette Odendaal gekoöpteer word tot die lede van die Ekonomiese Ontwikkelings Komitee, na gelang van die inhoud van agenda.

***

**BKN013/10/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**
***('n Verslag soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Direkteur Tegniese Dienste gaan breedvoerig deur die verslag onder bespreking.

Voorts lees hy die aanbevelings voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging.

Bykomende kommunikasie metodes oor die aangeleentheid word voorgestel deur die Munisipale Bestuurder.

**BESLUIT**

1. Dat vlak 4 waterbeperkings (35% besparing) ingestel word vanaf 01 November 2018 met die volgende voorwaardes en vereistes:
   1.1 'n Vermeerdering in die persoonlike waterverbruik van 50 liter per persoon per dag na 100 liter per persoon per dag [15m³/ maand] per huishouding van vyf (5) mense;

   1.2 'n Teiken gebruik van 2.5 miljoen liter 'n dag na 5 miljoen liters per dag vir die totale Bergrivier Munisipale gebied;

   1.3 'n Verslapping van beperkings vir kommersiële, industriële en nie-residensiële watergebruikers vanaf 45% na 35% (Gemiddelde persentasie vir vlak 4). Dit impliseer dat ten minste 35% water-verbuike gespaar moet word;

   1.4 Beperkings op die gebruik van Landbou water word verslap vanaf 60% na 50% besparing (slegs van toepassing op landbou water binne munisipale gebied waaroor die Munisipaliteit jurisdiksie het);

   1.5 'n Verlaging in die tarief na vlak 4 waterbeperkings;

2. Dat die publiek in kennis gestel word van die **verslapping** ten opsigte van die **waterbeperkings vanaf Vlak 5 na Vlak 4** deur die Hoof: Kommunikasie en bykomende skrywes uitgestuur word (deur die rekening-afdeling van die munisipaliteit) saam met die diensterekeninge van Oktober 2018; en

3. Dat die water tariewe aangepas word dienooreenkomstig die goedgekeurde tarieflys (2018/19).

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

***(Die Hoof: Kommunikasie verlaat die vergadering na afloop van die item)***

**BKN014/10/2018**
**BOKKOMLAAN: ERF 486, VELDDRIF (V.486)**
**17/12/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat **Opsie 1**: aanbeveel word, naamlik:
   Verlenging van die huidige huurkontrakte tot 30 Junie 2019, terwyl daar besin word oor toekomstige hantering;

   1.1 Dat 'n implementeringsplan opgestel word ten opsigte van die toekomstige plaaslike ekonomiese ontwikkeling van Bokkomlaan en dat dit binne hierdie raamwerk plaasvind, gegewe dat die kontrakte verleng word;

   1.2 Dat die kontrakte hersien word;

   1.3 Dat die onderstaande verantwoordelike beampte(s) in samewerking met die Uitvoerende Onderburgemeester die proses sal dryf, naamlik:

   - Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur (Kontrakte);
   - Bestuurder: Strategiese Dienste (Ekonomiese Ontwikkeling);
   - Velddrif Toerisme;
   - Stadsbeplanner (Wes); en
   - Boubeheerbeampte: Velddrif.

***

**BKN015/10/2018**
**VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ONGEREGISTREERDE ERF 2858, PORTERVILLE ('N GEDEELTE VAN GEREGISTREERDE ERF 1735, PORTERVILLE (PTV. 1735)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en lees die aanbeveling voor aan die Komitee.

Die Munisipale Bestuurder meld dat 'n voorwaarde as punt 6 bygevoeg word.

.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die eiendom nie benodig word vir munisipale dienslewering nie;

2. Dat ongeregistreerde Erf 2858, Porterville ±688m² groot ('n Gedeelte van geregistreerde Erf 1735, Porterville) per tender vervreem word, teen 'n inset prys van R 72 308.80 (BTW ingesluit);

3. Dat die tender geadverteer word vir 30 dae;

4. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir aansluitings tot munisipale ingenieursdienste tot bevrediging van hierdie munisipaliteit se Direktoraat Tegniese Dienste;

5. Dat die Begrotingsloodskomitee besluit waarvoor fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word, volgens die prioriteit en behoeftes van die munisipaliteit; en

6. Dat die geregistreerde erfpenne uitgewys word deur en vir koste van die suksesvolle tenderaar voor oordrag van die titelakte.

***

***(Die Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur, Menslike Hulpbrondienste Beampte: Voorsiening en Administrasie en kandidate verlaat die vergadering om 15:00)***

**BKN016/10/2018**
**VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ONGEREGISTREERDE ERF 2224, PORTERVILLE (PTV. 2224)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling aan die Komitee voorlees vir oorweging.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die elektriese kiosk uitgesluit word by die eiendom en 'n dienste serwituut daarom geregistreer word, ten gunste van die munisipaliteit ingevolge Bergrivier Munisipaliteit Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning en afgehandel word alvorens daar voortgegaan word met die tender proses;
2. Dat die eiendom nie benodig word vir munisipale dienslewering nie;
3. Dat Erf 2224, Porterville per tender vervreem word, teen 'n inset prys van R 35 000 (BTW ingesluit);
4. Dat die tender geadverteer word vir 30 dae;
5. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir aansluitings tot munisipale ingenieursdienste tot bevrediging van hierdie munisipaliteit se Direktoraat Tegniese Dienste;
6. Dat die Begrotingsloodskomitee besluit waarvoor fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word volgens die prioriteit en behoeftes van die munisipaliteit; en
7. Dat die geregistreerde erfpenne uitgewys word deur en vir koste van die suksesvolle tenderaar voor oordrag van die titelakte.

***

**BKN017/10/2018**
**MUNISIPALE EIENDOM: ERF 4404, PIKETBERG (PB.4404)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling aan die Komitee voorlees vir oorweging.

**AANBEVELING: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

Dat toestemming verleen word aan die Departement Beplanning en Omgewingsbestuur om voort te gaan met onderverdeling van Erf 4404, Piketberg in drie gedeeltes naamlik: *Restant Erf 4404, Piketberg*, "*Portion A*" en "*Portion B*", asook hersonering na gepaste sonerings en dat die kostes betaal word vanuit die betrokke departement se bedryfsbegroting.

***

**BKN018/10/2018**
**MUNISIPALE EIENDOM: ERF 4420, PIKETBERG (PW KOORTS KARAVAANPARK) (PB.4420)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling aan die Komitee voorlees vir oorweging.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad oorweging daaraan gee om Erf 4420, Piketberg (PW Koorts Karavaanpark) per tender te vervreem;

2. Dat, indien die Raad sou besluit om wel Erf 4420, Piketberg (PW Koorts Karavaanpark) per tender beskikbaar te stel, dit gedoen word op voorwaarde dat die suksesvolle tenderaar self verantwoordelik sal wees vir die verkryging van ontwikkelingsregte vir hul voorgestelde ontwikkeling (byvoorbeeld hersonering, moontlike omgewingsimpakstudies, onderhandeling met SANRAL, ens.);

3. Dat die insetprys op R 1 420 000 miljoen (BTW ingesluit) vasgestel word;

4. Dat die tender saamgestel word op so 'n wyse dat prys nie die enigste oorweging is nie, maar dat die mate wat die ontwikkelingsvoorstel die Raad se ontwikkelingsbehoeftes aanspreek, soos geïdentifiseer in die Ekonomiese Strategie van die Raad asook die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR), ook in aanmerking geneem word; en

5. Dat die Begrotingsloodskomitee besluit waarvoor fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word volgens die prioriteit en behoeftes van die Munisipaliteit.

***

**BKN019/10/2018**
**MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) *NEW 5 YEAR* MSDF 2018-2023: FIRST DRAFT**
**15/1/5/9**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief background to the item under discussion, whereafter the Executive Mayor thanked the Manager: Planning and Environmental Management and Manager: Strategic Services for all their inputs regarding the process.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That Council provide permission for publication of the first draft of the new 5 year Bergrivier MSDF 2018-2023 for public comment, as required in terms of Section 6.(4) of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning, as amended 6 April 2018 (The By-Law).

***

**BKN020/10/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2018**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for August 2018.

***

**BKN021/10/2018**
**AFHANDELING VAN DIE HOSTELLE PROJEK: AANGAAN VAN KOOPOOREENKOMSTE MET DEELNEMERS (EEDBS)**
**15/2/2/30**
***('n Vervangende aanbeveling word voorgelê – Bylae F)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid du Plooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat 'n koopsom van R70 000.00 elk vir die 12 oorblywende eenhede vasgestel word, en dat dit aangebied word vir die begunstigdes wie 'n subsidie (EEDBS) ontvang het;
2. Dat 'n koopooreenkoms met hulle gesluit word, waarna die huise aan hulle oorgedra word deur middel van 'n geregistreerde titelakte, welke oordrag deur die koopsom gedek moet word;
3. Dat Me. N Nongqayi ook die geleentheid gebied word om die woning wat sy tans bewoon te koop (hetsy met eie fondse of deur 'n verbandlening);
4. Dat Me. N Nongqayi intussen 'n okkupasie-huur betaal, en dat 'n huurpaaiement van R500.00 (uitgesluit munisipale dienstegelde) per maand gehef word, wat jaarliks sal eskaleer met 5%;

5. Dat die ooreenkoms opgeskort word indien Me. N Nongqayi vir 3 (drie) agtereenvolgende maande in gebreke bly om die huur te betaal, waarna sy die eiendom sal moet ontruim, in welke geval dit aan 'n ander kwalifiserende deelnemer op die waglys aangebied sal word, teen die koopsom en dieselfde voorwaardes hierin vasgestel;
6. Dat, indien Me. N Nongqayi die opsie in paragraaf 3 aanvaar, 'n voorkoopsreg van 8 (agt) jaar geld en so geregistreer word in die titelakte; en
7. Dat, indien Me. N Nongqayi die opsie in paragraaf 4 neem, word dit uitdruklik in die huurooreenkoms bepaal dat geen onderverdeling en/of sedering mag plaasvind nie.

***

**BKN022/10/2018**
**<u>SLUITING VAN KANTOOR VIR JAAREINDE: 2018/2019</u>**
**2/4**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en hou die aanbevelings voor vir besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesters-komitee.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die onderstaande rëelings sal geld vir jaareinde:

1.1 Dat die kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees op 27 en 28 Desember 2018;

1.2 Dat die Biblioteke binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit sluit vanaf 27 – 31 Desember 2018;

1.3 Dat die kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit op 24 en 31 Desember 2018 oop sal wees tot 13:00;

1.4 Dat die onderstaande munisipale dienste **nie sluit nie** en soos volg gelewer sal word op 24 – 31 Desember 2018 vanaf **07:30 tot 13:00**:

1.4.1 Alle kassiere en verkeerskantore sal oop wees en eers om 12:00 afsluit;

1.4.2 Alle verkeersinbetalings sal gedoen word tot 12:00;

1.4.3 Bystand gelewer word vir die volgende dienste: water, riool en vooruitbetaalde elektrisiteit ("pre-paid");

1.5 Dat vullisverwydering, verkeersdienste en rampbestuur soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volledige diens in alle strandoorde gelewer word;

1.6 Dat alle werknemers (**uitgesluit** die wat werksaam is in bogenoem-de dienste (paragrawe 1.4.1 tot 1.4.3 en paragraaf 1.5) toegelaat word om vrywillig verlof in te sit vanaf 24 – 31 Desember 2018. Die wat nie verlof het nie of nie wil insit nie, vir diens aanmeld; en

1.7 Dat die finale besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vroegtydig gekommunikeer word met die publiek.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN023/10/2018**
**INVASIVE SPECIES MONITORING, CONTROL AND ERADICATION PLAN**
**17/12/4**

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee notes the invasive species monitoring, control and eradication plan, as tabled.

***

**BKN024/10/2018**
**HANDLEIDING OOR WERKSAAMHEDE VAN EN REGISTER VAN REKORDS GEHOU DEUR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**BESLUIT**

1. Dat die gewysigde handleiding oor werksaamhede van en register van rekords gehou deur Bergrivier Munisipaliteit goedgekeur word;
2. Dat die handleiding op die webtuiste geplaas word; en
3. Dat elke Adjunk-Inligtingsbeampte van 'n afskrif van die betrokke handleiding voorsien word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN025/10/2018**
**NOTULE VAN DIE PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 28 JUNIE 2018**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Prestasie- en Ouditkomitee soos gehou op Donderdag 28 Junie 2018.

***

**BKN026/10/2018**
**NOTULE VAN DIE RISIKOBESTUURSKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 21 JUNIE 2018**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Risikobestuurskomitee soos gehou op Donderdag 21 Junie 2018.

***

**BKN027/10/2018**
**<u>TERUGVOER: SALGA: INTERGOVERNMENTAL RELATIONS</u>**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat dokumentasie met betrekking tot die Terugvoer: SALGA: Intergovernmental Relations, elektronies versprei is deur die Speaker.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN028/10/2018**
**<u>NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN029/10/2018**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN030/10/2018**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN031/10/2018**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN032/10/2018**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN033/10/2018**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:15***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ____________________ |
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |
| ***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | |

***